Gehoorsaamheid en Gebed

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: Eng/Afr b114A

Skriflesing uit: Joh. 15:1-17

Kernvers: 16 – 'Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ookal in My Naam mag vra, Hy julle dit kan gee.'

Is dit nie 'n geweldige belofte nie? Maar wat is die geheim? Ek wil graag met u gesels hieroor – die antwoord op gebed:

Ek glo nie daar is enigeen van ons wat nie op een of ander tyd in ons lewe gevoel het asof ons gebede nie verhoor word nie.

Kom ons kyk na een van daardie geheime – een van die voorwaardes :-

Gehoorsaamheid en antwoord op gebed loop hand aan hand. Jy dink m.a.w. God verwag werke van my? Ons het die idee dat alles net genade is en geen werke van my kant af nie; hoeveel keer beiindig ons nie ons gebed met die woorde: alleen uit genade Here!

En dit is waar, nogtans is daar 'n voorwaarde aan verbonde. Nou klink dit vir u soos 'n weerspreking, maar as u die gelese gedeelte weer lees sal u sien dat Jesus gesê het: 'As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

Een van die groot kentekens van dissipelskap is gehoorsaamheid. Die Here sê: 'Wat help dit dat julle vir My sê: ' Here,Here en julle doen nie wat Ek vir julle sê nie?'

As ek as kind van die Here nie gehoorsaam is aan Hom nie, dan kan ek nie geloof in God hê nie. Gehoorsaamheid en Gebed is 'tweeling broers'. Daarom praat die Bybel op baie plekke van Geloofsgehoorsaamheid.

Ons bid soms die gebed van Geloof maar dis net asof ons dit nie kan beetkry nie – dit is 'n gebrek aan gehoorsaamheid in ons lewens.

Die volgende vereiste is Toewyding aan die vervulling van ons roeping! Vra uself af: waarom wil ek my gebede beantwoord hê – wat is my motief? Is dit bloot net om ontslae te wees van die pyn; of om uit die moeilikheid uit te kom?

As ek dit gekry het en ek is nie meer so op my knieë nie, nie meer so afhanklik van God nie, want ek is nou tevrede – ek het gekry wat ek wou hê; en ek gaan voort op my gewone trant.

Is ons motief dan suiwer en op die Here gefokus? Of gaan dit maar net om onsself…..